**Besoek www.litnet.co.za vir gratis skole-inhoud.**

# Afrikaans Huistaal

## Graad 11 Vraestel 1

Dr. Cecilia Klopper

**Punte:** 70
**Tyd:** 2 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.
**Instruksies en inligting:**

1. Hierdie vraestel bestaan uit drie afdelings

   | | |
   |---|---|
   | Afdeling A: Leesbegrip | (30) |
   | Afdeling B: Opsomming | (10) |
   | Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies | (30) |


2. Lees alle instruksies noukeurig deur.
3. Beantwoord al die vrae.
4. Begin elke afdeling op 'n nuwe bladsy.
5. Trek 'n lyn na elke afdeling.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.
9. Voorgestelde tydsindeling
   Afdeling A: 50 minute
   Afdeling B: 30 minute
   Afdeling C: 40 minute
10. Skryf netjies en leesbaar.

**Afdeling A**: Leesbegrip

**Vraag 1**
Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

**Teks A: Tydskrifartikel**

# AS DIE KLETSBOT SLIMMER EN ONS DOMMER WORD




1. Kunsmatige intelligensie (KI) en een van sy gewildste toepassings, nl. ChatGPT, kom voor in talle gesprekke. Dit kan die samelewing en die wêreld van werk en veral onderrig radikaal verander, maar dit is nie noodwendig positiewe verandering nie, maan talle.
2. Volgens Riaan van den Bergh, hoof van tegnologie in Onderwys by die beheerliggaam-FEDSAS, is KI hier om te bly. Dit is ’n ontwikkeling en ons moet kyk hoe ons dit kan omhels en reguleer waar nodig. Dit kan baie waarde toevoeg, veral in ’n onderwyser se hande.
3. Nico Erasmus, adjunkhoof by die Hoërskool Menlopark in Pretoria, sê die koms van ChatGPT het sake ingrypend verander. Dit is ’n ander dimensie wat in die wêreld ingekom het. Mense is bang vir plagiaat en vra hoe eties dit is om dit te gebruik om bepaalde navorsingsopdragte of ’n stuk werk te doen. By Menlopark het ons besluit om dit te omarm.


## ONNIE SE VRIEND OF VYAND?

4. Volgens Riaan het KI gekom met ’n groot knal. Wat ons sien, is dat skole stadig is om te besef dat dit ’n implikasie kan hê. Dit is belangrik om te besluit hoe om dit te navigeer. Kunsmatige intelligensie-toepassings is gereedskap en nie ’n vervanging van iemand nie. Die vraag is, wat kan ’n mens hiermee doen en hoe kan ’n mens daaruit leer? Hoe kan ’n mens dit ten bate van onderwys gebruik? Dan moet ’n mens gaan leer en navorsing doen om te kyk hoe dit die onderwyser meer effektief kan maak. Dit kan byvoorbeeld gebruik word om navorsing te doen en vinnig ’n klastoets op te stel. Daar is baie positiewe insette wat in die klaskamer kan plaasvind.
5. Tini Visser, voorligtingsielkundige, meen KI kan in die klaskamer ingespan word om administratiewe take te verminder. “Dit kan leerders ook help om goeie opsommings te maak. Dit kan verder ingespan word om die opvoeder en student se interaksie te verhoog en kan leerders se wêreldsiening verbreed.”
6. Tini sê ChatGPT word deur sommige onderwysers gebruik om tydrowende sloertake af te handel. Dit sluit in om vrae te genereer vir toetse en ook vir lesbeplanning en opsommings. Hy gebruik ChatGPT in sy praktyk vir remediëring.

7. Op toeps soos Google Maps kan studente sien hoe ’n stad of gebied in die werklike lewe lyk. Daarvoor is slegs ’n slimfoon en internettoegang nodig. In plaas daarvan om net uit ’n handboek te leer van ’n stad kan die student op ’n wandeling deur die stad geneem word.
8. Riaan voeg by dat leerders dit kan gebruik as “gespreksgenoot” in navorsing. Jy kan byvoorbeeld jou opstel verbeter deur te sê: “Ek het die opstel geskryf, help my om te sien waar die grammatika kan verbeter.” Dit moet gesien word as ’n aanduiding en tutor, eerder as iemand wat die werk vir jou doen.
9. Nuwe tegnologie beteken onvermydelik ook nuwe uitdagings en probleme. “Baie onderwysers, veral die ouer generasie, voel dit is verkeerd om KI in te span,” vertel Tini.
10. “Opvoeders gebruik ChatGPT, maar dit sluit nie kreatiewe opsies in soos om visuele skemas te skep van materiaal nie. Die grootste rede is die gebrek aan opleiding om KI-platforms te kan gebruik en dalk ook ’n mate van tegnofobie.
11. As letterkundedosent dink dr Rick de Villiers dis belangrik om terug te keer na die skryf van toetse en eksamens in ’n vertrek by die universiteit. Voorheen het studente toetse elektronies afgelê en opstelle deur Turnitin ingedien. Die ou metode dwing studente om harder te leer en meer te fokus. ChatGPT is gereedskap wat in die klas gebruik kan word, maar nie vir assessering nie.
12. “Een ding wat KI na vore gebring het, is wat presies oorspronklike denke en idiolek behels. Die enigste manier om onsself uit te druk is deur te skryf en te praat. Die leerproses en skryfproses is moeilik, maar dit is belangrik om deur die proses te worstel en nie kortpaaie te soek nie.”
13. Volgens Rick is ChatGPT nie ’n taalmodel nie, eerder ’n kennismodel, veral in ’n opvoedkundige konteks. “Wat ChatGPT voorstel – wat dit modelleer – is die skyn van kennis. Dit wil sê, dis dikwels ’n nabootsing van kennisvorms eerder as kennis self.”
14. Nico sê: “Om KI reg te kan gebruik gaan jou personeel skerp moet wees, anders gaan ons ’n generasie dom kinders skep. Ons het met ’n opleidingsproses vir personeellede by ons skool begin.”
15. “In die verlede is kinders geleer om antwoorde te gee,” sê Riaan, “nou moet die fokus wees op bring jou beste vraag, kreatiwiteit en nuuskierigheid.”
16. “Hoe meer kreatief jou vraag hoe beter die antwoord deur ChatGPT. Dit sit die fokus en kollig op die persoon wat die vraag vra se diepte en kreatiwiteit. Die gesprek moet ook oopgemaak word rondom hoe en waar ons dit gebruik met ’n mate van regulering en selfregulering.

**Bron**: Verwerk uit *Taalgenoot*, Somer 24

**Teks B: Visuele teks**




**Jy sal anoniem bly as jy die fluitjie blaas op mense wat hieraan skuldig is.**

Geïnspireer deur *Media24*

**Vrae: Teks A**

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | Dui aan of die volgende stelling **waar** of **onwaar** is. Verskaf ook 'n rede vir jou antwoord.<br>Kunsmatige intelligensie (KI) kan veroorsaak dat leerders en studente oneerlik is, omdat ChatGPT hulle opstelle en take kan skryf en dan handig leerders dit in as hul eie werk. | (2) |
| 1.2 | **Haal** EEN woord in par. 3 **aan** wat beteken dat een persoon 'n ander persoon se werk, dokument of inligting as sy eie gebruik en nie die oorspronklike skrywer as bron erken nie. | (1) |
| 1.3 | Wat is dr. Rick de Villiers se oplossing in par. 11 om te verhoed dat studente oneerlik is gedurende **aanlyn eksamens** en hul antwoorde deur ChatGPT laat opstel in plaas van om dit self uit te dink? | (1) |
| 1.4 | Dui aan of die volgende stelling in par. 11 'n **feit** of 'n **mening** is. Motiveer ook jou antwoord.<br>"ChatGPT is gereedskap wat in die klas gebruik kan word, maar nie vir assessering nie." | (2) |
| 1.5 | Wat gaan volgens Nico Erasmus, adjunkhoof by Hoërskool Menlopark, die gevolg wees as skole nie KI reg gaan gebruik nie? (par. 14) | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| 1.6 | Word die volgende stelling **letterlik (denotatief)** of **figuurlik (konnotatief)** gebruik?<br>“[...] dis belangrik om nie kortpaaie te soek nie.” (par.12)<br>Motiveer ook jou antwoord. | (1) |
| 1.7 | Dink jy dat kunsmatige intelligensie en in die besonder ChatGPT ’n positiewe bydrae tot leer kan lewer, of dink jy dit sal leer negatief beïnvloed? Waarom sê jy so? | (2) |
| 1.8 | Herlees par. 14. Dink jy die woordgroep “[...] anders gaan ons ’n generasie dom kinders skep” is gepas? Waarom? | (2) |
| 1.9 | Is die benaming “kletsbot” in die opskrif volgens jou ’n gepaste benaming vir ChatGPT? Waarom sê jy so? | (2) |
| 1.10 | Gee ’n sinoniem vir die woord “skeppend” uit par. 16. | (1) |
| 1.11 | Herlees par. 5–6. Noem TWEE maniere waarop ’n onderwyser ChatGPT suksesvol kan gebruik. | (2) |
| 1.12 | Herlees par. 5–8. Op watter TWEE maniere kan leerders/studente ChatGPT wettig gebruik? | (2) |
| 1.13 | Wat beteken die term “remediëring” in par. 6? | (1) |
| 1.14 | Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte simbool by die vraagnommer neer (bv. 1.14 B).<br>“Tegnofobie” (par. 10) beteken dat die individu ’n vrees het vir:<br>A Skerp lig of daglig<br>B Beknoptheid<br>C Tegnologie<br>D Nuwe dinge | (1) |

**Vrae: Teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.15 | Wat word in die teks as ’n misdaad beskou? | (1) |
| 1.16 | Verduidelik die betekenis van die volgende stelling:<br>“Jy sal anoniem bly as jy die fluitjie blaas op mense wat hieraan skuldig is.” | (1) |
| 1.17 | Verbeter Koos se dialoog deur die korrekte gebruik van die betreklike voornaamwoord en woordorde. | (1) |

**Vrae: Teks A en teks B**

| | | |
|---|---|---|
| 1.18 | Noem TWEE negatiewe aspekte van digitale toerusting soos selfone en rekenaars wat in TEKS A, sowel as in TEKS B voorkom. | (2) |

**Totaal Afdeling A: (30)**

**Afdeling B: Opsomming**

**Vraag 2**
Lees die teks hier onder en maak 'n opsomming van **sewe nadele van te veel skermtyd**.

Let wel:

| | |
|---|---|
| 1 | Jou opsomming moet in jou eie woorde, in duidelike volsinne en in paragraafvorm aangebied word. Dit mag nie meer as **90 woorde** wees nie. |
| 2. | Jy moet **een samehangende paragraaf** skryf. |
| 3. | Dit is nie nodig om vir die opsomming 'n titel te gee nie. |
| 4. | Dui die **getal woorde** wat jy vir die opsomming gebruik het, onder regs aan. |

**Teks C: Tydskrifartikel**

# SLIMMER FONE DOMMER BREINE

Vergeetagtigheid is iets waarmee die meeste van ons al te kampe gehad het. Gewoonlik skryf ons dit toe aan die gejaagde lewe of die jare wat aanstap, maar wat as skermtyd iets daarmee te make het?

Dr. Sanaa Moledina en Adeel Khoja skryf in die *Ochsner Journal* dat vergeetagtigheid toeneem omdat mense te veel op hul slimfone staatmaak om selfs die geringste dingetjie te onthou. Soekenjins maak dit makliker om amper enige inligting te kry en ons soeklees deur aanlyn leesstof waarvan ons nie veel hoef te onthou nie. Hulle wys daarop dat slimtoestelle een gedeelte van die brein oorstimuleer en dat die regterkant, wat met konsentrasie te doen het, benadeel word en stelselmatig agteruitgaan.

Digitale dimensie is nie 'n erkende gesondheidstoestand nie, maar word gebruik om kognitiewe veranderings te beskryf wat tipies met tegnologieverslawing geassosieer word.

Dr. Marlena Kruger beweer dat digitale dimensie reeds by adolessente bespeur kan word wat van babadae af aan digitale toestelle blootgestel is. Hierdie leefstyl gaan gewoonlik gepaard met 'n sittende, onaktiewe leefstyl wat 'n swak postuur en ongesonde eetgewoontes insluit. Dit bring te min fisieke oefening en swak asemhalingstegnieke mee as jy te veel agter jou rekenaar of slimfoon sit.

Normale denke en funksionering van die brein behels dat 'n mens jou omgewing moet leer ken en bemeester en dan gedrag vertoon wat jou in staat stel om eise, uitdagings en geleenthede te kan behartig en benut.

Daarvoor het mens fokus, diepsinnige leer en gesonde omgang met mense en dinge in jou omgewing nodig. As jy dus ure lank doelloos deur die sosiale media blaai, het jy min gesonde kontak met mense. Gesonde verhoudings ly daar onder en jy sal nie jou werk behoorlik kan doen nie. Boonop gaan jou denkvermoë agteruit.

Verwerk uit *Taalgenoot*, Winter 2024 **Totaal Afdeling B (10)**

## Afdeling C: Taalstrukture en -konvensies

**Vraag 3: Advertensies**

Bestudeer die advertensie **teks D** hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS D** **ATKV Digiprojekte**

# DIGIPROJEKTE



**DIGI**PRAAT

Wou jy mense nog altyd met jou helder voordragstem beïndruk?



**DIGI**KUNS

Soek jy na ’n platform om jou kuns ten toon te stel?

**DIGI**TONEEL



Wil jy jou spel voor die kamera ontwikkel?

**DIGI**GEDIGTE

Skryf jy graag in Afrikaans?

**DIGI**SKRYF



**DIGI**GESEGDES ASOOK

**DIGI**VOORDRAG

Is jy gekonfyt in Afrikaanse gesegdes, idiome, spreekwoorde en vergelykings?



**DIGI**SPEL

Wil jy jou spelling toets en verbeter?




**DIGI**SPANPRAAT

Is daar 'n standpunt wat jy eenvoudig moet verdedig?



Geïnspireer deur *Taalgenoot*, Winter 2024


**Vrae: Teks D**

| | | |
|---|---|---|
| 3.1 | Waarom is die opskrif **DIGIPROJEKTE** met groot letters geskryf? | 1 |
| 3.2 | Wat is die betekenis van die voorvoegsel **DIGI-** in al die afdelings? | 1 |
| 3.3 | Wie is die t**eikenmark** van die bestaande advertensie? | 1 |
| 3.4 | Hoe het die adverteerder jou oorreed om aan een van die bestaande projekte deel te neem? Noem **twee** tegnieke. | 2 |
| 3.5 | Aan watter projek sou jy graag wou deelneem? Gee 'n rede vir jou antwoord. | 2 |
| 3.6 | Deur watter instansie word hierdie kultuurprojekte aangebied? | 1 |

| | | |
|---|---|---|
| 3.7 | Watter EEN belangrike verbinding benodig jy om aan een of meer van hierdie projekte deel te neem? | 1 |
| 3.8 | Wat beteken die uitdrukking: “Is jy gekonfyt in Afrikaanse gesegdes, idiome, spreekwoorde en vergelykings?” | 1 |
| | | **(10)** |

**Vraag 4: Strokiesprent**
Bestudeer die strokiesprent (**teks E**) hier onder en beantwoord die vrae wat volg.

**TEKS E**




Geïnspireer deur *Beeld*, 5 Oktober 2024

**Vrae: Teks E**

| | | |
|---|---|---|
| 4.1 | Wat is die geïmpliseerde betekenis van bobbejaan A se vraag in raampie 1? | (1) |
| 4.2 | Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte simbool by die vraagnommer neer (bv. 4.2 B).<br><br>Die woord “mekaar” in raampie 2 is ’n ____________ voornaamwoord.<br><br>A Betreklike<br>B Wederkerige<br>C Persoonlike<br>D Wederkerende | (1) |
| 4.3 | Skryf die sin in Standaardafrikaans oor:<br><br>“Ons los hulle dat hulle mekaar opfoeter.” | (1) |
| 4.4 | Skryf bobbejaan A se vraag in raampie 2 oor in die indirekte rede.<br><br>“Nou waaroor baklei hulle so?” | (1) |

| | | |
|---|---|---|
| | Begin so: Bobbejaan A vra ___________________________________ | |
| 4.5 | Watter afleiding maak jy uit bobbejaan B se antwoord in die laaste raampie met betrekking tot die kinders se vakansiebedrywighede? | (1) |
| 4.6 | Skryf die sin in raampie 3 oor in die indirekte rede:<br><br>Begin so: Bobbejaan B antwoord dat __________________________ | (1) |
| 4.7 | Skryf die oortreffende trap van "besig" in raampie 1 neer.<br><br>Gebruik ook die woord in 'n goeie volsin. | (1) |
| 4.8 | Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte simbool by die vraagnommer neer (bv. 4.8 B).<br><br>Beskryf die woordsoort "waaroor" in raampie 2.<br><br>A Voorsetsel<br>B Betreklike voornaamwoord<br>C Vraagwoord<br>D Bywoord | (1) |
| 4.9 | Wat lei jy af uit bobbejaan B se lyftaal in raampie 3? | (1) |
| 4.10 | Voltooi die volgende sin om die vraag in raampie 1 in die lydende vorm oor te skryf:<br><br>Hoe word __________________________________________________ | (1) |
| | | **[10]** |

**Vraag 5: Koerantartikel**
Bestudeer die koerantartikel (**teks F**) en beantwoord die vrae wat volg:

**Teks F**

# TWEEMILJOEN DOPPIES VERGAAR VIR WELSYN

**Quinton Lourens**
'n Pretoriase laerskoolleerling het 'n **5.1** *allemintige* 2-miljoen doppies versamel waarmee sy verseker het dat minstens sewe rolstoele vir behoeftige leerlinge aangeskaf kan word.

Minka Thysse (13), 'n **5.2** *graad 7-leerling* aan die Laerskool Stephanus Roos in Sinoville, het binne 'n jaar 3 ton plastiekdoppies bymekaargemaak **5.3** *wat* gister by die Afrikaanse Hoër Meisieskool **5.4** *(AHMS)* afgelewer is.

Dit is vir die AHMS se **5.5** *herwinning***s***projek*. Die geld wat met die doppies verdien word, word spesifiek vir rolstoele vir leerders aan die Alma Skool in Eloffsdal gebruik.

Minka het verlede jaar sowat **5.6** 40 000 doppies geskenk, en sy het dadelik weer begin doppies bymekaarmaak vir hierdie jaar.

Daar is omtrent 1700 sakke. ’n Klomp instansies het gehelp insamel. **5.7** *Boonop* het mense ’n verdere twee rolstoele en twee **5.8** *looprame* geskenk.

“Positiwiteit is aansteeklik,” sê Minka se ma, Andri. Dit is vir haar wonderlik om te sien hoe mense **5.9** *hande vat* om ’n verskil te maak.

Dit het ’n gemeenskapsprojek regoor die land geword en selfs in die buiteland. Op Facebook en Instagram word **5.10** *foto’s* geplaas van mense wat bydra.

**Bron:** Verwerk uit *Beeld*, 8 Oktober 2024

**Teks F:**

| | | |
|---|---|---|
| 5.1 | Gee ’n sinoniem vir *allemintige*. | (1) |
| 5.2 | Dui die funksie van die koppelteken in *graad 7-leerling* aan. | (1) |
| 5.3 | Benoem die woordsoort *wat*. | (1) |
| 5.4 | Kies die korrekte antwoord. Skryf slegs die korrekte simbool by die vraagnommer neer (bv. 5.4 B).<br><br>AHMS is ’n:<br><br>A verkorting<br><br>B afkorting<br><br>C akroniem<br><br>D eienaam | (1) |
| 5.5 | Wat word die **s**-klank in *herwinning***s***projek* genoem? | (1) |
| 5.6 | Skryf 40 000 in woorde uit. | (1) |
| 5.7 | Benoem die woordsoort *boonop*. | (1) |
| 5.8 | Wat is die funksionaliteit van die -e in loopram**e**? | (1) |
| 5.9 | Word die woorde “*hande vat*” **letterlik (denotatief)** of **figuurlik (konnotatief)** bedoel? Motiveer jou antwoord. | (1) |
| 5.10 | Verduidelik waarom die meervoudsvorm van *foto* die -’s kry. | (1) |
| | | **(10)** |

**Totaal Afdeling C (30)**
**Groottotaal [70]**